

# Die beweging van God deur tyd - 'n meditasie



Robert Vosloo

**D**ie breër tema van hierdie uitgawe van *Kruisgewys*, naamlik "Om God te volg ... of te verdedig", suggereer twee moontlike lewenshoudinge – ook vir predikante.

Een moontlikheid behels om krampagtig te probeer om die hele sisteem van teïstiese godsdiens orent te hou. Só 'n poging kan vir 'n mens dalk die gevoel van tevredenheid gee omdat jy meen dat jy die goeie stryd stry, maar in wese is dit 'n futiele poging wat nie anders kan as om op die langtermyn jou eie vreugde (en dié van die mense rondom jou) te dreineer nie. Christelike roeping behels immers nie om 'n sisteem te verdedig nie, maar om 'n Persoon te volg.

Daarom is die eerste woord ten opsigte van roeping nie die opdrag om God of godsdiens te verdedig nie, maar die oproep om raak te sien wat die drie-enige God in ons wêreld aan die doen is en om aan hierdie beweging deel te neem.

Iets van hierdie fokus op God se beweging na ons en ons wêreld toe, word baie goed saamgevat in die begrip *missio Dei* (God se sending) – 'n frase wat die Duitse sendingwetenskaplike Karl Hartenstein gebruik het in sy reaksie op Karl Barth se idee van die handeling van God (die *actio Dei*), en wat veral deur die werk van David Bosch en Lesslie Newbigin bekend geword het. Hierdie begrip onderstreep die gedagte dat sending nie bloot 'n aktiwiteit van die kerk is nie, maar 'n eienskap van God. Daar is 'n kerk omdat daar sending is, omdat daar beweging in die hart van God is, en nie sending omdat daar 'n kerk is nie.

Die kerk en gelowiges se roeping word dus gebore in die ruim hart van die drie-enige God. Hierdie fokus het groot implikasies vir die verstaan van die

taak van die gelowige. Dit bevry ons om te verstaan dat ons nie vir God tot beweging hoef te bring nie. Ons hoef nie deur ons handeling die Gees te aktiveer nie. Nee, die Gees aktiveer en energieer ons handeling. Daar is dus reeds beweging in God self, en hierdie beweging vloei in liefde na die wêreld toe.

Ons word geroep om aan hierdie lewegewende beweging deel te neem. Dié aksent, wat teenoor die blote verdediging van 'n godsdienstige sisteem staan, behels dat ons met 'n oop toekoms leef, gereed dat God ons verras. Dit beteken verder dat ons die uitnodiging aanvaar om die evangelie met vrymoedigheid en vreugde in die hede te beliggaam. Dit behels ook – en hierop wil hierdie artikel kortliks fokus – die uitnodiging om nie die verlede, as die verhaal van God se lewegewende beweging deur die tyd, te vergeet nie.

## Die belangrikheid van 'n gesonde historiese bewussyn

Ons lees in die Bybel hoe mense die groot daad van God as oriëntasiepunt in hulle lewe in herinnering roep. Herinnering aan die verlede behels daarom in die eerste plek dat ons groter vertrouwe in die tekste van die Bybel plaas. Dit gaan nie daaroor om hierdie tekste aantreklik en aanvaarbaar te probeer maak nie, maar om die tekste toe te laat om in hulle weerbarstigheid ons aannames en verskralings van wat die lewe behels, uit te daag.

Náas die herinnering aan die Bybelse getuienisse aangaande die daad van God, is dit ook belangrik om nie vergeetagtig te wees oor die maniere waarop gelowiges deur die eeue op die aanraking van God se Woord gereageer het nie. Daarom die belangrikheid van 'n gesonde historiese bewussyn – 'n bewussyn wat nie die Christelike tradisie (as 'n komplekse tradisie van tradisies) romantiseer of demoniseer nie, maar teologies daarmee erns maak in die lig van die geloof dat God in die geskiedenis handel.

Een rede waarom die vergeetagtigheid ten opsigte van die rykdom van die Christenheid se geskiedenis so fataal is, hang saam met die feit dat só 'n ver-

Vervolg op bl 7

en gebed.

... **Geloof** wat aan Christus vashou, wat altyd daarna soek om Hom helder te sien in die Skrifte en, deur die Skrifte, ook daarna soek om Hom te sien waar Hy onder ons en voor ons uit in die geskiedenis werk.

... **Gehoorsaamheid** aan sy roepstem en woord – soos wat dit kinders van die Koning betaam.

... **Gebed** soos wat dit pas by priesters wat probeer help en doen wat hulle kan, maar ook weet dat die

Here altyd meer kan doen as ons ...

● **Coenie Burger** – *Coenie is die vorige moderator van die Algemene Sinode en reeds sedert 2000 die direkteur en koördineerder van navorsing by Communitas. Coenie is in hart en murg 'n praktiese teoloog met 'n wye reeks publikasies op sy kerfstok en 'n selfs nog wyer belesenheid in die teologie. Lees ook sy boekaankondigings en resensies by [www.gemeentes.co.za](http://www.gemeentes.co.za)*

---

## Die beweging van God deur tyd (vanaf bl 3)

geetagtigheid ons uiters kwesbaar vir ideologiese verdraaiings van die evangelie maak. Dié saak het Charles Marsh, 'n Amerikaanse teoloog, in sy boek met die titel *Wayward Christian Soldiers: Freeing the Gospel from Political Captivity* onlangs weer onderstreep. Marsh trek in die boek sterk te velde teen talle evangelikale kerkleiers en kerke se publieke rol, en spesifiek hulle ondersteuning van die oorlog in Irak. Lewers in die boek vertel Marsh van sy ontugtering tydens 'n besoek aan 'n Christelike boekwinkel. Hoewel dit oor 'n paar weke Paasfees sou wees, het dit meer gelyk of die winkel vir "the Fourth of July" gereed maak as vir Paasfees.

Marsh sien hierdie ontwikkeling as 'n venster op 'n vorm van Christendom wat nie in staat is om op Christelike, profetiese en teologiese wyse die verskrulings van die evangelie by die naam te noem en uit te daag nie.

Hoewel die situasie in Suid-Afrika vandag anders is as in die VSA, kry 'n mens ook hier die indruk dat 'n meer sentimentele vorm van individualistiese verbruikersgodsdienst 'n groot trekkrag uitoefen. In só 'n konteks is daar 'n groot versoeking om die evangelie te kompromitteer. Daarom is herinnering nodig – dié tipe herinnering wat JB Metz beskryf het as die gevaarlike herinnering aan die lyding, kruisiging en opstanding van Christus.

Dit het ook waarde om te onthou hoe mense deur die eeue op 'n verskeidenheid van wyses hierdie herinnering vlees gegee het. Hierdie "gevaarlike" herinnering, en die beliggaming daarvan, moet in die erediens en liturgie, in ons pastoraat en in die publieke getuie van die kerk, lewend gehou word. Ons word nie geroep om God en godsdienst te verdedig nie, maar om die verlede op 'n teologies-verantwoordelike manier in herinnering te roep.

### Herinnering, kreatiwiteit en rus

Om die verlede te onthou, beteken nie om nostal-

gies in die verlede te leef en weg te skram van die uitdagings van die hede nie. Nee, 'n gesonde historiese bewussyn help juis met die lewe in die hede. Om 'n voorbeeld te gebruik: As 'n mens 'n jaar of so in 'n ander land woon, weet jy ná die jaar nog nie veel van die kultuur van daardie land nie, maar as jy terugkom na jou eie land toe, help die tyd weg jou om opnuut jou eie konteks beter te verstaan.

Dieselfde is waar, meen ek, van 'n poging om met die Bybel en die geskiedenis van die kerk en die Christendom erns te maak. Ons kan nie volledig die geheim van die verlede ontsluit nie. Die herinneringsvolle omgang met die verlede verander egter ons visie sodat ons anders na ons huidige situasie kan kyk. Die maak nuwe vorme van kreatiwiteit moontlik – dié tipe kreatiwiteit wat die kreatiewe Gees ons skenk.

Die herinnering aan God se daede in die verlede is daarom nie bedoel as 'n kognitiewe herinnerings-oefening of as 'n verbreding van ons intellektuele kennis nie. Dit het eerder die verandering van ons lewe ten doel.

'n Teologiese omgang met die verlede herinner ons dat die geskiedenis nie maar net gelees kan word as die inisiatiewe van groot figure of die aksies van "gewone mense" nie, maar as die handeling van die drie-enige God self, die God wat liefdevol en lewegewend deur die tyd beweeg. Ons werk word dus gegrond in God se werk. Dié nuus maak ons vry en bring rus. Ook dit moet ons onthou.

● **Robert Vosloo** – *Ná 11 jaar in die bediening by Durbanville, is Robert sedert Mei 2005 senior lektor in ekklesiologie aan die fakulteit teologie op Stellenbosch. Sy navorsingfokus behels ondermeer 'n belangstelling in die leer van die Triniteit en die vraag na die verhouding tussen identiteit en andersheid, die konsep van gasvryheid, die teologie van Dietrich Bonhoeffer, die denke van die kerkvader Augustinus en resente Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis.*